



Gedurende die eerste tagtig jaar van sy bestaan het die Nasionale Museum nie oor 'n noemenswaardige boekery beskik nie. Wat wel daar was, was eintlik die resultaat van toevallige skenkings, terwyl enkele reekse van veral paleontologiese aard aangekoop was. Die rede hiervoor was enersyds 'n gebrek aan voldoende fondse, andersyds omdat daar geen opgeleide bibliotekaris by die Museum was nie.

'n Nuwe tydperk is in 1957 betree met die aanstelling van Mnr Norman Smith as die eerste voltydse bibliotekaris van die Museum. Hy het begin met 'n stelsel waarvolgens die Museum se publikasies uitgeruil is met dié van ander wetenskaplike instansies in Suid-Afrika en die buiteland. Hierdeur is tydskrifte van oor die hele wêreld bekom: dié stelsel word vandag nog gebruik.

Hierbenewens het hy ook 'n behoorlike katalogusstelsel van die bestaande tydskrifte in die bibliotek opgestel. Dit is egter selde gebruik, want Norman het presies geweet wat daar is of nie is nie, en kon sy hand feitlik dadelik op iets lê. Hy is in 1970 op 52-jarige leeftyd oorlede.

Tans bestaan die Bibliotekpersoneel uit 'n Bibliotekaresse en 'n Bibliotek-assistente, asook 'n Bantoe-assistent. Selfs dit is onvoldoende om volledige katalogi op te stel ten einde die infor-

DIE MUSEUM-BIBLIOTEEK

masie in die boeke en tydskrifte vir die vakkundiges en ander gebruikers toeganklik te maak.

Die boekery bestaan op die oomblik uit 3 743 volumes. Die aankoop van boeke word gedoen ná oorlegpleging met die vakkundiges in die onderskeie afdelings, nl. oor soogdiere, reptiele, amfibieë, voëls, insekte, fossiele werwellose, asook in die Volkekunde, Argeologie, Suid-Afrikaanse geskiedenis, Taksidermie en Kuns. Verder is daar enkele boeke oor silwerware, porseleinvoorwerpe, vuurwapens, keramiek, munte, seels en heraldiek.

Benewens die boekery is daar ook 'n

Die Museumbibliotek met die lees-kamer in die agtergrond.

onbepaalbare (maar geraamde 50 000) vakartikels in gespesialiseerde vaktydskrifte, wat weer eens toegespits is op die vakrigtings waarin die Museum spesialiseer. Die Museum ontvang jaarliks sowat 2 200 vaktydskrifte.

Die Bibliotek word hoofsaaklik deur die Muscuimpersoneel gebruik, maar besoekende navorsers het vrye toegang. Skoliere, studente en ander lede van die publiek mag ook van die fasiliteite gebruik maak, maar boeke en tydskrifte word nie uitgeleen nie. Vir die gerief van besoekers is daar 'n spesiale leesruimte ingerig. Daar is 'n sigindeks van alle tydskrifte asook 'n katalogus van die boekery. Die Bibliotekpersoneel is te eniger tyd bereid om besoekers behulpsaam te wees - maak gerus gebruik daarvan!

REDAKSIE

Redakteur: Jacques van Heerden
Taalversorging: Mnr Dirk Coetzee (O.V.S. Onderwys)
Kunsversorging: Audrey van Eeden
Fotografie: Jakkie Pretorius
Setwerk: Rothea van Biljon & Hanelien Sander

Gedruk en uitgegee deur die Nasionale Museum, Aliwalstraat Bloemfontein.